

GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE.

2026

NUKLEUS
KULTUUR

# GRAAD 3 GEDIGTE:

## EK SOEK NOOIT  NIE

Ek soek nooit  nie,
die  soek my.
Ek wonder hoe dit altyd weet
net waar om my te kry.

Ek breek nooit iets aspris nie,
maar voordat ek kan keer
is die  gebeur.

Ek sê soms die verkeerde ding
op die verkeerde tyd
en gou-gou is ek weer
kniediep in die .

Ek vergeet soms my huiswerk,
ek vergeet my tennisles,
maar  vergeet nie,
dit onthou my woonadres.

Ek hou niks van  nie,
ek wil so graag daaruit bly,
maar ek's bevrees die
hou veels te veel van my.

*deur Jaco Jacobs*

## KATTAKAT SE PLAN

Vandag moet Veldmuis uit haar huis uit kom
besluit meneertjie Kattakat.
Hy het dae laas geëet
en sy maag is plat.
Hy sit sy mooiste glimlag op
en stryk sy snorbaard glad.

Tok-tok-tok klop hy galant.
"Wie's daar?" wil sy eers hoor.
"Jou goeie vriend, my skat." sê hy
en sit sy beste voetjie voor.

"Goeiemôre, mooiste meisie!
Ek is so lief vir jou.
As jy my nou die ja-woord gee,
kan ons maar dadelik trou!"

"O ja," sê sy, "dit wil ek baie graag …
maar wat hoor ek so raas?
Is dit miskien die weer,
of dalk …… 'n leë maag?"

*deur Cecilia Saayman*



# GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE.
# 2026

NUKLEUS
KULTUUR

## DIE ONGELUKKIGE HEN

Ons hen die broei op eende-eiers
Geduldig dag na dag,
En eindelik word haar werk bekroon,
Waarop sy so lank al wag.

Met kop opsy beskou sy hul:
Ses bolletjies ferweel
Met bekkies lig en rooi van kleur,
En lyfies bruin en geel!

Sy neem hul op 'n wandeltog
Daar by die dam se wal,
En dadelik spring die sessies in.
"O," skreeu sy, "ek word mal!"

En so gaan dit nog elke dag:
Besorg, beangs, benoud
Stap sy daar rond - "Ag wêreld tog,
Die kleingoed is te stout!"

*deur Henriette Pienaar*

## MY IPAD IS GE-SUPER-GLUE

As jy 'n buisie gom ontdek,
maak seker dis net Pritt.
Veral as jy die hele lot
aan al jou vingers sit.

Maak seker dis gewone gom
as jy jou kop wil krap,
of dalk wil grawe in jou neus:
O jinne, dis geen grap!

Dit was toe super, SUPER glue
wat taai-tamaletjie klou
en al wat leef en beef laat kleef.
Hy k-l-o-u, ek sê vir jou!!!

Ek wou net bietjie iPad speel
toe klou hy aan my palm.
O jinne, ek hoor nou nog
my ma se stem weergalm.

My iPad volg my oral,
tot Juffrou is al sat.
'n iPad op 'n palm
is rêrig in die pad!

*deur Liezl Nel*

**BESOEK**
**WWW.NUKLEUS.CO.ZA/KULTUUR-KOMPETISIES**
**OM IN TE SKRYF**



GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE. **2026**

NUKLEUS KULTUUR

## SPEELMAATS

'n Spierwit krulhaarbondeltjie
En Wolkie is sy naam –
'n Snoetjie swart soos steenkoolroet
Dié druk hy teen die raam.

Ag, wanneer kom sy basie dan?
Hy het so lus vir speel!
Van kleinbaas nou ook skool toe gaan
Moet hy hom dood verveel.

'n Sug kom uit sy hondjiehart:
Die lewe is tog wreed!
"Woef-woef," daar kom klein Pietie aan –
Vergeet is al sy leed!

Sy oë blink, sy stertjie waai,
Sy mond lag wawyd oop!
Daar buk die twee die rantjie oor –
Vandag sal daardie haas moet loop!

*deur Bessie Kotzé*